# Die MATIE

NEGE-EN-SESTIGSTE JAARGANG | NO 4 **WOENSDAG 27 JANUARIE 2010** GRATIS OP KAMPUS VERSPREI



Die Bloukamer
Restaurant - Catering - Conference Facility
www.diebloukamer.co.za
Top Floor Neelsie Centre
...where friends meet!
021 808 2846
eriko@diebloukamer.co.za



**NUUS** Students expelled after fake kidnapping 4

**CURRENT AFFAIRS** Minder Maties by KKNK 6

**STUDENT LIFE** RAG in pictures 8

Student fun with a purpose
Doelgerigte studentepret

**DAG & NAG** Agter die skerms by JOOLfees 14

**KWYTRAAK** Bobby se geheime droom 15






**WAMKILEKILE!** Students march through the streets of Stellenbosch during the annual Float parade that took place on Saturday 23 January. The parade brings to a close the RAG festivities during the Welcoming Programme. Stellenbosch University welcomed over 4 000 first year students in 2010. **Photo: JOHANN SWART**

Success rate above national average

# High success in first year – US

**ANTHEA HARTZENBERG**

Stellenbosch University (SU) has the highest pecentage of first year students that proceed to their second year of study.

SU currently has a 87% first to second year turn-over rate compared to the national average of 50% for institutions of higher education.

The univeristy also stands above the national success rate for modules passed by undergraduate students, with an 82% success rate compared to the national figure of 75%.

This is a welcome statistic as over 4 000 first years tackle their first week of academic classes this week.

The total number of first year students for 2010 will only be known when registration closes on 5 February 2010. In 2009, the university had a total of 4 254 first year students.

Prof Magda Fourie, vice rector: Teaching, who shared this fact at an information session for first years, attributed the high rate of students who continue with their second year to the success of the First Year Academy, located within the Centre for Teaching and Learning, and "the excellent academic guidance and many support services on campus."

According to Fourie, the uniqueness of the First Year Academy "is situated in the fact that it is an institutional programme that coordinates all aspects related to the first-year experience in order to promote student success."

All first-year students automatically fall within the First Year Academy and are exposed to the different activities that form part of the academy, which includes completing an early assessment questionnaire.

The early assessment is described as tests that can give an indication of which students might be at risk in certain modules.

The First Year Academy also includes electronic monitoring and support for first years, as well as mentor programmes in the residences and tutor programmes in the faculties.

Dr Susan van Schalkwyk, head: First Year Academy, says the academy serves as an umbrella coordinating body that seeks to integrate all activities that impact on the first year.

"One of the most important of these is the ResEd (Residence Education) programme, which allocates all first-year students to a particular mentor group.

– *continued on p 2.*

# Helshoogte two reinstated

**NEWS DESK**

THE PRIM and HK member: first years of Helshoogte have been reinstated into their posts on the HK following their removal last week.

Buys Wiese, prim, and Alberto Pepler, HK member responsible for first year students, were suspended from their posts following their actions toward first years during their welcoming programme.

It is claimed that the HK adopted a military-style approach while dealing with the first years and attempted to establish a hierarchy between the first year students and the rest of the house.

According to Pieter Kloppers, head: Student Housing, the approach maintained at Helshoogte was contrary to the university ethos and values.

"The HK of Helshoogte underwent training during which this type of behaviour was explained to be against the values which the university aims to uphold," Kloppers said.

Wiese and Pepler have since apologised to the first year students.

A Facebook group was later started which called on students to vent their anger against Kloppers's decision.

– *continued on p 3*


WE GUARANTEE THE BEST QUALITY AND ARCHIVAL DURABILITY ON ALL OUR PRINTS, FROM ID SIZE TO EXHIBITION PRINTS MORE THAN A METRE WIDE ON A WIDE VARIETY OF PAPERS AND CANVAS.

STUDENT SPECIAL: 10X15cm Prints R1.99 each

Picture WORKS
49 PLEIN STREET, STELLENBOSCH TEL: 021 888 1500
www.pictureworks.co.za

Stellenbosch Institute of Photography & Multimedia

Voltydse kursus of deeltyds-opgende
- Fotografie
- Grafiese ontwerp
- Videoproduksie of TV-aanbieding
- Grimering vir TV & fotografie

Fleksiekursus
- Kombineer al die bogemelde
- Maksimum-ervaring

Een-tot-een-kursus
- Fotografie in een week vs. 6 maande
- 1 tot 5 studente
- Ons reis na enige stad

Aandkursusse
- Digitale Fotografie
- Advanced Photoshop
- Videoredigering

Vakansiekursus vir skoliere
- Fotografie/video
- 14-16 Desember



photographic models wanted

SIPS

Werkwinkels
- Huweliksfotografie
- Landskapfotografie
- Studiobeligting
- Makrofotografie
- Glans en Mode
- Onderwaterfotografie

Afstandonderrigkursusse
- Fotografie
- Modelwerk

Drostdysentrum, Birdstraat, Stellenbosch. Tel. 021 887 4485 Sel 082 440 9199
E-pos: bestsips@iafrica.com http://www.sips.co.za of facebook/charl best

Rupert vervang Van Zyl Slabbert as kanselier

# US kies bekende sakeleier as nuwe kanselier

ZIEGBERT CARSTENS

Die bekende sakeleier en sportliefhebber dr Johann Rupert is op 30 November 2009 as die veertiende kanselier van die Universiteit Stellenbosch (US) aangewys.

Hy volg dr Frederik van Zyl-Slabbert op wat verlede jaar weens persoonlike redes die amp neegelê het.

Prof Russel Botman, rektor en visekanselier van die US, het in 'n mediaverklaring die aanstelling verwelkom en gesê dat dit "'n eer vir die universiteit is" om 'n persoon van Rupert se internasionale statuur as kanselier te hê.

Die kanselier is die seremoniële hoof van die universiteit en ken onder meer grade in die naam van die universiteit toe.

'n Kanselier word vir vyf jaar aangestel, maar sy termyn kan eenmalig met nog vyf jaar verleng word.

Die pos word deur 'n kieskollege, bestaande uit universiteitsraadslede, lede van die Uitvoerende Komitee (UK) en die president en visepresident van die konvokasie, toegeken.

Die ander kandidate wat aansoek gedoen het, was die teoloog prof Bernard Lategan, die voormalige rektor en visekanselier van die Universiteit van Pretoria, prof Flip Smit, en die voormalige rektor en visekanselier van die Universiteit van die Wes-Kaapland, prof Richard van der Ross.

Rupert is die oudste seun van die ontslape sakereus dr Anton Rupert.

Hy het sy studies in Ekonomie en Maatskappyreg aan die US begin en ontvang later twee eredoktorsgrade van onderskeidelik die US en die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit.

Hy is ook verantwoordelik vir die stigting, samesmelting en herstrukturering van verskeie toonaangewende maatskappye.

Rupert het in 1979 die *Rand Merchant Bank* gestig en is onder meer die uitvoerende voorsitter van Richemont en die Rembrandt-groep.

Richemont besit luukse handelsmerke soos onder andere Chloé, Montblanc en Cartier.

Rupert is al drie keer as die invloedrykste leier in Suid-Afrika aangewys.

Rupert is ook die deel-eienaar van die Kaapse wynplaas, Rupert & Rothschild, asook die Ormarins-plaas, wat onlangs die jaarlikse *Ormarins Queen's Plate* aangebied het.

As voormalige krieketspeler is hy ook die medestigter van die Instituut vir Sportwetenskap aan die Universiteit van Kaapstad.

Rupert word op 18 Februarie as die nuwe kanselier ingehuldig.

### VERKORTE CV VAN KANSELIER

| | |
|---|---|
| 1979 | Stig *Rand Merchant Bank* (RMB) sowel as die Kleinsake-Ontwikkelingskorp. |
| 1984 | Smelt RMB saam met *Rand Consolidated Investments* |
| 1985 | Aangestel as uitvoerende direkteur van die Rembrandt Groep |
| 1988 | Gekies as *"Businessman of the Year"* deur die *Sunday Times* |
| 1990 | Gekies as *"Business Leader of the Year"* deur die Kaapstadse Sakekamer |
| 1993 | Gekies as een van 200 *"Global Leaders of Tomorrow"* by die *World Economic Forum* in Davos, Switserland |
| 2004 | Ontvang 'n eresdoktorsgraad in Ekonomie van US |
| 2008 | Ontvang 'n eresdoktorsgraad in Ekonomie by die Nelson Mandela Metropolitan-Universiteit |

# Gradeplegtigheid ontaard in kontroversie na studente rekeninge ontvang

ZIEGBERT CARSTENS

'N GRADEPLEGTIGHEID van die Universiteit Stellenbosch (US) se Militêre Akademie is in Desember verlede jaar in kontroversie gedompel toe studente rekeninge, in plaas van graadsertifikate, ontvang het.

Die plegtigheid is vir alle BMil, honneurs- en diplomastudente van die Akademie gehou en nagenoeg sewentig studente sou hul kwalifikasies ontvang.

Die ontnugtering was egter groot toe hulle besef dat die houertjies waarin die sertifikate gewoonlik opgerol word, elkeen 'n rekening bevat.

Die Militêre Akademie, wat in Saldanha geleë is, het die US ongeveer R1,5 miljoen in uitstaande klasgelde geskuld.

Volgens mnr Mohamed Shaikh, senior direkteur: Kommunikasie en Skakeling, is dit aanvaarbare beleid van die universiteit dat graadsertifikate nie aan kandidate uitgereik word wie se klasgelde nie vereffen is nie.

> **"die hele geleentheid [het] 'n onsmaaklike nadraai gehad"**

"Die studente van die Militêre Akademie se studiegeld word egter deur die SANW (Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag) betaal en in hierdie opsig was dit 'n administratiewe oorsig dat die graadsertifikate nie by die gradeplegtigheid aan die suksesvolle studente uitgereik is nie."

'n Ontstoke ouer, wat graag anoniem wil bly, het aan *Die Matie* gesê dat "die hele geleentheid 'n onsmaaklike nadraai gehad het".

"Vir drie jaar werk my kind ontsettend hard om 'n graad van 'n vooraanstaande universiteit soos die Universiteit Stellenbosch te kry en dan moet hy op die laaste nippertjie besef dat dit 'n rekening is."

Shaikh het gesê dat die universiteit jammer is oor die fout.

"Die graadsertifikate sal aan die studente uitgereik word en die universiteit sal stappe doen om 'n herhaling van so 'n fout in die toekoms te voorkom."

Teen druktyd het Shaikh bevestig dat die Nasionale Weermag wel die klasgelde vereffen het.

Die graadsertifikate is sedertien aan die betrokke studente uitgereik.

– continued from p 1

Hundreds of people have since joined the group. Some members stated that the treatment of the HK members threatens the established traditions at Stellenbosch.

Kloppers noted that the university aims to establish a values-based environment within which enyone has the freedom to speak up should they feel that those values are being compromised.

## isiXhosa News Update | Isishwankathelo sendaba

**Inyuke ngezinga eliphezulu impumelelo yabafundi bonyaka wokuqala kwidyunivesiti yaseStellenbosch.**

Idyunivesiti yaseStellenbosch inezinga eliphezulu kakhulu labafundi abebesenza unyaka wokuqala abaza kugqithela kunyaka wesibini.

Le dyunivesiti inomyinge wama-87% wabafundi abagqithele kunyaka wesibini, xa kuthelekiswa namanye amaziko emfundo aphakamileyo anomyinge oqikelelwa kuma-50%.

Le dyunivesiti inezinga lomyinge oliyi-82% wokuphumelelwa kwezifunda ngabafundi abasenza isidanga sokuqala kunalowo kazwelonke aqikelelwa kuma-75%. Oku kuvezwe zinkcukankca ezixela ukuba mayela nama-4000 abafundi bonyaka wokuqala abathe babonakala kumagumbi okufundela kule veki.

**Kurhoxiswe amalungu amabini ekomiti yabafundi eHelshoogte**

Amalungu amabini ekomiti yabafundi athe anqunyanyiswa kwizihlalo zawo eHelshooge.

UBuys Wiese, ongumhlali ngaphambili eHelshoogte kunye no-Alberto Pepler, olilungu lekomiti yabafundi, bathe banqunyanyiswa kwizihlalo zabo emva kwenkqubo yolwamkelo yabafundi bonyaka wokuqala.

Kutyholwa ngokuba laa malungu athe adala iyantlukwano phakathi kwabafundi bephela. Ngokokutsho komphathi wendawo zokuhlala abafundi uPieter Kloppers, le nkqubo yenziwe yiHelshooge yahluke ngakumbi kuneyedyunivesiti emayela nenkcubeko.

UWiese kunye noPeple bathe benza izingxengxezo kubafundi bonyaka wokuqala.

• Translation by: Ms Mntuyedwa Vuyokazi, 14944499@sun.ac.za

# Fourie to attend De Klerk's conference

ANTHEA HARTZENBERG

PROFESSOR Russel Botman, rector of Stellenbosch University (SU), will not be attending a conference organised by former president FW de Klerk.

This comes after controversy erupted over the exclusion of rectors from the conference.

The initial uproar was exacerbated after indications that the language policy at SU will be one of the main issues to be discussed at the conference.

De Klerk later extended an invitation to all the rectors of the historically Afrikaans universities.

The conference will take place at the Vredenheim Wine Farm on Thursday of this week and will discuss the position of Afrikaans in tertiary education.

The *Afrikaanse Taalraad* (ATR), Solidarity, AfriForum and the *Afrikanerbond* are some of the groups that have been invited to the conference.

Though Botman noted that it is important to have a conversation about Afrikaans, he said would be sending a senior delegate in his place.

Botman is joined by professor Cheryl de la Rey, rector of the University of Pretoria, who is also sending a delegation to attend in her absence.

Professor Magda Fourie, vice-rector: Teaching, and professor Leon de Stadler, director of the SU language centre, will attend in Botman's stead.

Botman said he regretted that key players in the secondary schooling sector were also omitted from the guest list. The rector from North-West University has confirmed his attendance.

# SU professor appointed first UNAIDS ambassador in Africa

NEWS DESK

A STELLENBOSCH University (SU) professor has been appointed as the first National Goodwill Ambassador of the Joint United Nations Programme on HIV/Aid (UNAIDS).

Prof Jimmie Perry's appointment was officially announced during a press conference on Tuesday 19 January.

Perry is the Director of Educational Theatre and Creative Arts at the Africa Centre for HIV/Aids Management.

He is the first representative from South Africa to act as a National Goodwill Ambassador for UNAIDS.

There are eight international Goodwill Ambassadors and three national ambassadors, of which Perry is now one. The other two ambassadors are both from China.

UNAIDS Goodwill Ambassadors are prominent individuals from the world of arts, science, literature, entertainment, sport and other fields of public life who have expressed their desire to strengthen awareness of AIDS.


Perry was appointed as the Goodwill Ambassador by the Executive Director of UNAIDS, Michel Sidibe, at the Africa Centre's fifth annual World Aids Day gala concert last year.

His mandate from UNAIDS is to advocate universal access and equality for all and to continue to creatively educate, help prevent and minimise new HIV infections.

Perry has been involved in various HIV/Aids initiatives since the 1980s.

"If we are to turn this pandemic around, South Africans have to really understand what the virus is, how it is spread, that it is not a death sentence thanks to medical treatment and to put an end to the fear and stigma of living with HIV."

UNAIDS is the main advocate for accelerated, comprehensive and coordinated global action against HIV.



Two of the five found guilty are appealing discplinary committee decision

# Students suspended after kidnapping hoax

ANTHEA HARTZENBERG

Five students have appeared before a university disciplinary committee after staging a hoax kidnapping of an unknowing student last year.

Maarten Mantel, PJ Heyman, Tiaan Zietsman, Bruce Mitchell and Lukas Slabber are accused of staging a hoax kidnapping of a student in 2009.

According to mr Mohamed Shaikh, senior director: Communication and Liaison, the five students appeared before the university's Central Disciplinary Committee after allegedly contravening one or more of the rules of the student regulations.

The five students kidnapped a fellow student on the morning of 4 November 2009 from the Student Study centre in Merriman Street.

They then proceded to take him to Jonkershoek.

The five tied the student's hands with rope and a pillowcase was pulled over his head.

The kidnappers then instructed the student to lie on the ground and used a fake gun to terrorise and scare him.

The student was later loaded on to the back of a bakkie and returned to central Stellenbosch.

Shaikh said that all five students have since been found guilty after appearing before the committee.

**The kidnappers then ... used a fake gun to terrorise and scare him**

"The seniors have been expelled from the university and the first years have been suspended from the university for one year (2010)," Shaikh added.

Shaikh also said that the results of the disciplinary committee, including the names of the guilty, will be posted publicly on notice boards in and around campus.

According to Ruan Daffue, prim of Wilgenhof, two of the five students have sinced appealed the sentence.

Daffue stated that Wilgenhof had initially planned to take internal disciplinary action against the accused but "'realized we had no grounds to stand upon, according to our 'constitution'".

Zietsman, Mitchell, Slabber and Mantel were all resident in Wilgenhof men's residence in 2009.

"(Mitchell and Zietsman) have made an appeal to their suspension and therefore can still continue studying and henceforth keep their place in Wilgenhof," Daffue said.

Wilgenhof proceded to remove some of their privileges from Mitchell and Zietsman while they await the outcome of their appeal.

## SRC member steps down

NEWS DESK

STUDENT Representative Council (SRC) member Michelle Leonard has resigned from the council.

Leonard, who was the Prim Committee vice-chair, cited personal reasons as the motivation for her resignation.

According to Jan Greyling, chair: Prim Committee, Leonard "primarily resigned from the prim committee and as a result [is unable to] serve on the SRC."

"Michelle, together with the PSO prims, has implemented [some] successful initiatives during the Welcoming Programme for their first years," Greyling added.

Greyling noted that Leonard's official responsibilities now lie with the prim committee chair and the committee has approached former vice-chair, Merlinn Titus, to "manage (Leonard's) day-to-day responsibilities."

Greyling added that "the committee is currently in the process of replacing Michelle."

"Her successor should be known by the second week of class. Precautions are being taken to ensure that the process is handled constitutionally."

Leonard told *Die Matie* allegations of in-fighting and of personal troubles are simply "untrue".



**DIS DIE REGTE DING OM TE DOEN** Studente van Simonsberg en Sonop registreer om in die volgende munisipale verkiesing te stem as deel van 'n nuwe DA-veldtog. **Foto: JANDRÉ ROBBERTZE**






Kampus en skole in Stellenbosch-omgewing genader

## DA loods veldtog om jeug vir verkiesing te registreer

HERMIE STEENKAMP

DIE DEMOKRATIESE Alliansie (DA) het onlangs 'n nuwe veldtog geloods wat beoog om die jeug te registreer as kiesers vir die volgende munisipale verkiesing.

Die veldtog fokus op skoliere en studente in die Stellenbosch-area.

Die volgende munisipale verkiesing vind in Maart 2011 plaas.

Die doel van die inisiatief is om die jeug betrokke te kry in die demokratiese proses en om sodoende demokratiese konsolidasie te bevorder.

Alhoewel die veldtog deur die DA geloods is, word deelnemers nie gedwing om met die party geassosieer te word nie.

Volgens Dian Cronjé, DA jeugkoördineerder vir die Stellenbosch-area, is die doel van die projek om jong mense aan te moedig om te registreer sodat hulle stem, ongeag vir watter party hul stem.

Cronjé het ook genoem dat dit "belangrik is dat studente op Stellenbosch registreer."

Die rede hiervoor is dat kiesers "anders as in die nasionale verkiesings in die munisipale verkiesing slegs [kan] stem by die plek waar hulle geregistreer is om te stem".

**"Die doel ... is om die jeug betrokke te kry"**

Die verkiesing vind op 'n vakansiedag in Maart plaas en studente kan slegs stem indien hulle geregistreer het".

Cronjé het koshuise en die Studenteraad (SR) genader om studente betrokke te kry by die projek.

"Alhoewel die SR die doel ondersteun, kan hulle nie direk in die proses betrokke raak nie, omdat hulle hul onpartydigheid moet behou.

Die betrokkenheid van die koshuise hang af van die gewilligheid van die primarii om hul samewerking te gee," het Cronjé gesê.

Simonsberg en Sonop is die eerste twee koshuise wat hul eerstejaars as deel van die projek op 22 Januarie by die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) geregistreer het.

Ander koshuise het ook ingestem om ná JOOL by die projek betrokke te raak.

Indien enige iemand belangstel om te registreer, is die OVK se kantore in Stellenbosch agter die stadsaal geleë.

Daar sal egter ook binne die volgende maand fasiliteite in die Neelsie beskikbaar gestel word vir studenteregistrasie.

Die nasionale verkiesing wat in 2009 gehou is, het rekordgetalle eerste kiesers ingebring en daar word gehoop om die momentum te behou.

Die toename in jeugkiesers was as gevolg van veranderinge op die nasionale en internasionale politieke gebied.

FOKUS OP VOLHOUBAARHEID

## US neem helm op NEPAD-inisiatief

LIZÉ STEYN

DIE Universiteit Stellenbosch (US) is onlangs gekies om 'n waternavorsingsprojek vir lande in Suider-Afrika te lei.

Die *New Partnership for Africa's Development* (NEPAD) se Watersentrums van Uitnemendheid-inisiatief se doel is om kennis en samewerking te bevorder tussen verskillende sentrums van uitnemendheid.

Suid-Afrika, Malawi, Botswana, Zambië, Mosambiek en Namibië is party van die lande wat aan die projek deelneem.

Die US is een van die instansies waaraan die status Sentrum van Uitnemendheid in Waternavorsing toegeken is.

Prof Eugene Cloete, dekaan: Fakulteit Natuurwetenskappe, is as voorsitter van die uitvoerende komitee van die inisiatief aangewys.

"Die inisiatief fokus op mense en die versterking van netwerke, en nie soseer die befondsing van spesifieke navorsingsonderwerpe nie," verduidelik Cloete.

Die inisiatief is gemik daarop om samewerking en kennisoordrag tussen instansies betrokke in waternavorsing in die streek, te verbeter.

Suid-Afrikaanse instellings soos die Wetenskaplike Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) en die Universiteit van die Wes-Kaap is ook deel van die inisiatief.

Volgens Cloete erken die besluit die gehalte van leierskap en navorsing van die US se akademici wat betrokke is by watersake.

DEUR: ANIKA MARAIS EN JANDRE ROBBERTZE

# WAT SÊ JY?

**WAT DINK JY OOR DIE SKORSING VAN HELSHOOGTE SE PRIM EN HK-LID VAN EERSTEJAARS?**



**AUBREY NGODELA** (1st year) BA PPE

"I did not hear about it."



**TIAAN HOFMEYER** 1ste drafting by Aida

"Dit is doelloos."



**NICO LOCHNER** (5de jaar) MDiv (Teologie)

"Ek is nie regtig daaroor ingelig nie."




**ALDI PIETERSE** (5de jaar) BSc Agric

"Koshuisleiers is veronderstel om universiteitsbeleid en -wense te volg."



**HENNO GOUS** (9de jaar) PHD Bedryfsingenieurswese

"Dit is 'n netelige kwessie en ek dink dat dit nie kwaadwillig bedoel is nie. Niemand is liewer vir die Helshoogte-eerstejaars as die HK nie."



**DANA PRETORIUS** (4de jaar) BRek (Hons)

"Ek weet te min van die situasie, maar ek voel dit is *harsh* om sulke aangename ouens se name te beswadder."

## US-programme nou ook op Wellington aangebied

# Hugenote en US nader

ANIKA MARAIS

Die samewerkingsooreenkoms tussen Hugenote Kollege (HK) op Wellington en die Universiteit Stellenbosch (US) tree vanjaar in werking. Studente aan HK sal voortaan sekere US-programme kan volg, soos programme in Maatskaplike Werk. Afhangende van goedkeuring van die Hoër Onderwys en Opleiding-Band (HET) sal 'n hoër diploma en 'n BA in Gemeenskapsontwikkeling ook by die ooreenkoms ingesluit word.

Prof Jan Botha, Senior Direkteur: Institusionele Navorsing en Beplanning, beklemtoon dat die US nie alle HK-programme akkrediteer nie.

"Die US se Senaat het besluit dat sommige US-programme via HK aangebied mag word. Dit is US-programme en kwalifikasies, nie HK-programme nie – dit wil sê dat die bestaande reeds-geakkrediteerde US-programme voortaan op twee plekke aangebied gaan word."

Die US se oorweging van hierdie samewerkingsprogram is onder meer gemotiveer deur die feit dat HK se ooreenkoms met UNISA in 2008 verstryk het en dat die kollege se voortbestaan sonder 'n nuwe akademiese vennoot in gedrang sou wees.

Verdere motiverings, soos uiteengesit in dokumentasie wat in September 2008 deur die US-Senaat aanvaar is, sluit in dat die US só ook meer gegradueerdes gaan lewer in gebiede met 'n tekort aan vaardighede en dienste, wat in lyn is met die US se Millenniumdoelwitte.

Die vennootskap gaan ook die US se betrokkenheid op Wellington vergroot, spesifiek in die Afrikaanssprekende bruin gemeenskappe van die Boland. Die US het ook die vennootskap aanvaar weens historiese bande tussen HK en die US en as gevolg van die feit dat HK 'n stabiele en gesonde instelling is wat effektief funksioneer.

> **"Ons is veral opgewonde oor die kwaliteit van opleiding wat ons gaan ontvang, want die US is een van die top universiteite op die kontinent"**

Volgens Botha gaan HK-studente nie deelneem aan US-kampusaktiwiteite nie.

"Ons het in die ooreenkoms spesifiek voorsiening gemaak dat hulle kan deelneem as hulle sou wou. HK het egter spesifiek gevra dat hul studente dit nie hoef te doen nie. Die US wou graag gehad het dat hulle dit sal doen, omdat die HK-studente wat US-programme doen volwaardige gesubsidieerde US-studente is, soos studente van Elsenburg en Tygerberg," voeg Botha by.

Mnr W Beukes, voorsitter: HK-Studenteraad, sê dat HK nie "van die begin af haastig is om deel te neem aan JOOL nie. Ons kyk eers die kat uit die boom uit, maar ons sal graag in die toekoms betrokke wil raak".

Ten opsigte van HK-verteenwoordiging op US-studenteliggame is daar nog onduidelikheid.

Volgens Gerhard Wiese, voorsitter: US-Studenteraad, sal daar nog verdere gesprekke moet wees tussen die US en HK rakend verteenwoording van hul studente op US-studenteliggame.

"Aangesien die studente wat aan HK studeer wel onder die Lettere en Sosiale Wetenskappe-fakulteit val, weet ons dat hulle veral op 'n akademiese vlak ingelig moet word oor die moontlikhede wat tot hul beskikking is, sou hulle voel dat die onderrig wat hulle ontvang, nie genoegsaam is nie. Hier sal die Akademiese Belangeraad (ABR) 'n groot rol kan speel."

Beukes beaam dit en beklemtoon dat die HK se verhouding met die US 'n akademiese vennootskap is. "Ek, as SR-lid vir akademie, sal HK op die ABR verteenwoordig. Ons sal nie verteenwoordiging op die SR hê nie," voeg Beukes by.

Beukes toon verder entoesiasme oor die samewerking tussen die US en HK.

"Ons is veral opgewonde oor die kwaliteit van opleiding wat ons gaan ontvang, want die US is een van die top universiteite op die kontinent. Ons is *game* en ons is reg om te groei!"

Wiese voeg by: "Solank die standaard van onderrig steeds hoog gehou word, en daar 'n poging aangewend word om studente in te lig oor wat op Stellenbosch-kampus tot hul beskikking is, is dit 'n goeie vertrekpunt."

# Copenhagen: turn of the tide or climate change catastrophe?

DIRK SNYMAN


MANY people will have been vaguely aware of Copenhagen's rise to prominence towards the end of last year. Some may even recall that it was with regard to climate change. However, few people know exactly what the aim of the event was, or its outcome.

The Copenhagen summit was held under the auspices of the United Nations Framework Convention on Climate Change. While such a meeting is held annually, this particular conference was of crucial importance. With the Kyoto Protocol's expiry in 2012, the world's leaders needed to adopt a framework for climate change mitigation in Copenhagen.

The consensus of scientists and experts the world over is that any temperature increase of more than 2°C would prove disastrous. While 2°C doesn't sound like much, this would cause irreversible changes to the planet's climate and ecosystems. Weather patterns would change, with some areas becoming drier and hotter, while other will become wetter. This could spell extinction to thousands of species.

Besides the threat to Earth's fauna and flora, the consequences of a temperature increase to humans would also be catastrophic. Already, over 300 000 people die every year due to climate change impacts, with a further 50 million displaced as "climate refugees". The former figure is expected to rise to 500 000 within 20 years. The main culprits are crop failure, desertification, an increase in natural disasters and the spread of diseases such as malaria; all of these can be directly linked to increased global temperatures.

Clearly, Copenhagen was supposed to be a key turning-point in the fight against global warming. However, towards the end of the conference any form of meaningful resolution appeared out of reach. In the final few days it looked as though the talks would collapse in disarray. Richer nations – those most responsible for CO2 emissions – were unwilling to agree to the drastic cuts in carbon output necessary to stabilise atmospheric greenhouse gases. At the same time, the developing world demanded a commitment to action, as they are going to be the hardest hit by climate change.




By the penultimate day, there was no happy ending in sight. However, following all-night negotiations, five nations – Brazil, China, India, South Africa and the United States of America – reached a meaningful agreement on the last day of the Copenhagen summit. This agreement makes provision for countries to set emission reduction targets and the establishment of international monitoring processes. Critically, however, the agreement is not legally binding, it dœs not set a timeframe for emission reductons and contains no benchmark for minimum reductions. To place it in context, the agreement "noted" that temperature increases should not exceed 2°C. The summit also "noted" the excellent catering and hospitality – these two statements essentially have the same legal and political status.

While many delegates and politicians are satisfied with the outcomes of Copenhagen, a number of issues remain unresolved. The stipulations of the Kyoto Protocol – which is legally binding – are due to expire in 2012, with almost no progress having been made towards reaching its targets. With the Copenhagen agreement being both non-binding and not unilaterally recognised, one must wonder whether a political dispensation can be achieved at all.

*Snyman is a master's student in conservation ecology. He is actively involved in the SRC subcommittee for Environmental Affairs and co-ordinated the newly implemented RAG Green Cup.*

CHRIS LE ROUX MOTORS




Probleme met u motor kar? .
Geen probleem vir ons om dit te herstel teen 'n baie billike prys. Ons doen alle meganiese werk op alle tipe motors. Geen fout te klein of te groot vir ons nie.
Ons spesialiseer ook in BMW motors.

Problems with your motor vehicle? No problem for us to fix it at a very reasonable price. We do all mechanical work on any type of motor vehicle. No fault too big or too small for us.
We also specialize in BMW motor vehicles.

FREE QUOTATIONS!!
- Services guaranteed
- Affordable and reliable
- Over 20 Years of Professional experience
- Qualified workmen
- RMI registered business

CONTACT DETAILS:
Tel: 021 883 3724
Fax: 021 887 9114
Cell: 072 530 6816
chris@chrislerouxmotors.co.za

234 BIRDSTRAAT STELLENBOSCH

MEMBER!! If you do not speak to one of us, Thomas, Chris, Sibbald Chrismari, then you are **not** speaking to CHRIS LE ROUX MOTORS!





**ONE YEAR ON** Firefighters work tirelessly on a farm (Champagne) in the Devon Valley, a stark reminder of the fires that devastated the Jonkershoek valley this time last year. **Photo: JANDRÉ ROBBERTZE**

# HK-verkiesing onder verdenking

**ANIKA MARAIS**

Harmonie se HK-verkiesing het in 2009 ongelukkigheid in dié koshuis veroorsaak. Ná die prim en onder-prim verkies is, is die sewe oorblywende kandidate outomaties as huiskomitee (HK)-lede aangewys – sonder 'n verkiesing.

Volgens me Marianne Coetzee, inwonende hoof: Harmonie, en Gardielle Heine, huidige prim: Harmonie, het Harmonie se stembuskomitee die situasie hanteer. "Harmonie se grondwet maak nie voorsiening vir hierdie soort situasie nie. Nadat deeglike oorweging aan alle moontlike opsies geskenk is, het die stembuskomitee besluit om die sewe kandidate sonder die gebruiklike stemproses te aanvaar. Die voorsitter van die stembuskomitee (die prim) het die besluit aan die huis oorgedra." Volgens Coetzee en Heine is daar geredeneer dat elke kandidaat wel stemme sou kry, aangesien die persone wat die kandidaat genomineer en gesekondeer het, wel stemme in haar guns sou uitbring.

"Almal in die koshuis was 'n bietjie ongelukkig," meen Reinette Weideman, huidige inwoner. Weideman sê verder dat die aangestelde HK-lede uit eie inisiatief 'n petisie opgestel het wat gevra het dat die verkiesing weer oopgestel moes word. "Die HK was ook nie gelukkig met die uitslae nie. Hulle het gevoel hulle het nie krediet nie en dat die koshuis hulle nie daar wil hê nie." Dié petisie is aan mnr Pieter Kloppers, bestuurder: Studentehuisvesting, gegee en daar is besluit om nie die verkiesing te heropen nie.

Coetzee en Heine beaam dat die inwoners eers ongelukkig was met die verloop van die verkiesing, "maar ná 'n gesprek met die prim en Kloppers is die volledige scenario aan die Huis verduidelik en het hulle berus".

Mnr Leslie van Rooi van Studentesake meen dat Harmonie, as koshuis, binne 'n redelike tydperk kon vra vir 'n appèlproses, waartydens die verkiesing van die huidige HK-lede hersien sou kon word. "Harmonie kan selfs op hierdie stadium 'n huisvergadering saamroep en in geheel besluit om te appèlleer. Na my mening is die redelike tydperk reeds verby. Dat daar weer 'n verkiesingsproses op hierdie laat stadium kan wees sal na my mening nie regverdig wees teenoor die huidige HK-lede nie."

Weideman voel ook dat 'n herverkiesing op hierdie laat stadium meer kwaad as goed gaan doen. "Die huidige HK het hard gewerk aan die eerstejaars se verwelkoming. Ons moes eerder direk ná die verkiesing geappèlleer het."

Tog meen Weideman dat die huidige HK se gesag nie ondermyn is nie. "Ek het nog nie ervaar dat die HK se gesag in die koshuis ondermyn word nie, maar die jaar het nog nie regtig begin nie. Persoonlik dink ek hulle doen goeie werk."

Volgens haar is dit belangrik om die grondwet aan te pas sodat "só 'n situasie beter hanteer kan word".

# First impressions of a thrilling Stellenbosch welcome



CROSSING BORDERS

Marc Reinke

A QUESTION has crossed my mind several times since I started the exchange student welcoming program and I still don't feel that I have found the answer to it. Would Jan van Riebeeck have approved of the things I have been experiencing during my first days at Stellenbosch University?

It is not that easy to tell, I suppose. Van Riebeeck was a trader. A man devoted to his belief in God and the never-fading Dutch idea that you can make money out of everything. He saw it as necessary to round the Cape of Good Hope and establish a harbour surrounded by fertile land to grow fruit and vegetables. That his successors would go further inland and eventually find a place where one of the most prestigious universities in Africa would arise, he could never have imagined. It is, therefore, almost an anachronistic mind twist to let him judge my experiences so far.

I did not have many preconceptions before leaving for Stellenbosch. Arriving from a cold, windy little place in Western Europe, the only certainty I was given beforehand was that things could only get better temperature-wise. That was only part of the story, I must admit. South Africa in general, and Stellenbosch in particular, are very welcoming venues. Notwithstanding this, one is clearly confronted with the more realistic and negative features of life here. The first impressions are most certainly tremendous. The scenery of the Cape of Good Hope, the Winelands and Cape Town are all breathtaking. Likewise, the Neelsie, Van der Stel sports centre and Springboks seem fun places to hang out. People are also very welcoming and friendly.

University life in the past first week was something very special as well. In the Netherlands, we are used to welcoming our freshmen (first years) in an introductory week. I have always found the diversity of universities and other student-related activities impressive, and in my opinion, the young students in the Netherlands were well-prepared for their time at university. But perhaps there is an example to be taken from Stellenbosch. The past week, known as Maties RAG, has been a great and sometimes overwhelming experience. I'm sure that if I tell people back home that it is common in Stellenbosch to dress in the South African flag, get in a trolley from the local supermarket and try to win a race in the main street of town known as the *Trollies*, they'll just raise their eyebrows and continue daily business. However, having been there, you can tell that this part of the introduction only adds to the experience of student life, something we view as highly important in The Netherlands. I'm still not sure if the Olympic thought *Citius, Altius, Fortius* applies more to this race than the other main thought "Competing is more important than winning", but I guess it does not matter that much. The *Vensters* night on Thursday was an awesome feature of the RAG week as well. Again, the Western European university introductions can be inspired by this, since I, and many fellow international students, have never seen this before.

This is only the beginning of the university year. We are ready to start our academic career here in Stellenbosch and we are wondering if this was just a preamble for the things to come. Someone once said that "there is no impression like the first impression", and if that is true, you have done a pretty good job.

Back to Jan van Riebeeck. I am sure he would not have understood the things listed above, for obvious reasons. He must have been a sober man, wandering the beautiful scenery of the Western Cape without knowing anything about what his successors would find in this region.

– Reinke (24) is a postgraduate student in International Relations. He is from Utrecht University in the Netherlands and has been at SU for two weeks.

*The opinions expressed in this column are not necessarily those of this newspaper, its editor, or any member of its staff.*


# PEPFAR Fellowship Programme APPLY NOW!

The President's Emergency Plan for AIDS Relief (PEPFAR) Fellowship Programme offers an exciting opportunity for masters' level students and graduates to be placed with HIV and AIDS service organizations (PEPFAR Partners) within South Africa.

**PROGRAMME OBJECTIVES**

**To support the expansion of access to comprehensive HIV and AIDS care in South Africa through the advancement of human capacity development.**

**To promote the application of postgraduate learning in the practical HIV and AIDS service environment.**

**To provide technical assistance to PEPFAR implementing partners**

Salaried positions available through-out South Africa with a focus on scarce skills such as:

* Monitoring and evaluation
* Project management
* HMIS development and support including IT
* Clinical posts related to HIV prevention, ARV treatment and TB patient management
* Psycho-social assessment tool development
* HIV in the workplace programme implementation
* HIV prevention integration and orphans & vulnerable children (OVC) support services.

**For more information please contact:**

Dr Anna-Marie Radloff
HOD: PEPFAR Fellowship Programme
Tel: +27 12 816 9000 / 9088
Fax: +27 086 567 0289
E-mail: fellowship@foundation.co.za

Or visit our website for your online application:
www.fellowship.foundation.co.za

Funded by: USAID

Coordinated by: FPD

FFP was made possible through support provided by the US Agency for International Development/South Africa under the terms of Award No 674-A-00-04-00025-00025-00.





**STELLENBOSCH VIER VENSTERS** 'n Paar Matie-eerstejaars betower toeskouers met hul energieke vertonings tydens vanjaar se Vensters. **Foto: JANDRÉ ROBBERTZE**

# Vensters betower

**DEONI MARAIS**

Vensters is nog elke jaar 'n diverse geleentheid. Hierdie vertonings trek mense van regoor die land. Vanaf sewe-uur is die kampus 'n mallemeule van aktiwiteit. Ouers, boeties en oumas kan oral gesien word waar hulle besig is om die eerstejaars se vyftien sekondes van roem waar te neem. Hierdie jaar was daar egter 'n ánder tipe diversiteit betrokke.

Nie net het die oorspronklike tema "Mandelarey" groot ophef veroorsaak nie, maar die nuwe tema, "*Technicolourlegacy*.co.za", het vir 'n wye verskeidenheid interpretasies gesorg.

Heemstede en Hippokrates se H2O-tema het die al-groter-wordende waterkrisis aangespreek en tot die gevolg gekom dat ons die krisis sal kan vermy slegs as ons saamstaan.

"Daar het in die laaste drie dae 'n paar klein probleempies opgeduik," het Surike Viviers, Heemstede se HK-lid: Vensters, gesê, "maar gelukkig kon ons alles oorkom." Die verhoog was ongeveer 70m van die koshuis, wat beteken het dat hulle 'n kragopwekker moes kry om die klank en beligting te laat werk.

Baie koshuise het die "*Technicolour*"-gedeelte van die tema letterlik uitgebeeld, wat baie helder kostuums en kleurvolle verhoë tot gevolg gehad het. Nerina en Helderberg, asook Dagbreek en Huis Francie, het onder meer hierdie tegniek gebruik om hul toeskouers se verbeeldings aan te gryp.

Serruria en Pieke het deur hul krytstorie die gedagte aan 'n reënboognasie tuisgebring. Judy le Roux, Serruria se HK-lid: Vensters, sê dat van die ouens maar gesukkel het om van die danse baas te raak, maar dat sy probeer het om 'n dansie vir almal in te werk.

Sy sê ook dat dit 'n belewenis was om so iets saam met Pieke aan te pak. "Ek was veral bekommerd oor die dansies, omdat ek bang was die ouens daag een dag op en dan nie weer nie, maar hulle het my regtig verkeerd bewys. In plaas daarvan dat party nie opgedaag het nie, het daar net elke dag meer en meer ouens bygekom. Ons het op die ou end maar nie eers probeer om vir hulle kostuums te maak nie."

Eendrag en Harmonie het almal verbaas met hul ongelooflike agterdoek en kostuums. Volgens Inari Prinsloo en Stephané Pretorius, onderskeidelik HK-lid: Vensters en Onderprimaria van Harmonie, is die geheim tot 'n suksesvolle Vensters en Jool in die geheel, delegasie. "Jy moenie probeer om alles self te doen nie," het Prinsloo gesê.

Hierdie jaar het die universiteit baie meer aktiwiteite vir die eerstejaars aangebied, met die gevolg dat baie van die koshuisverpligtinge agterweë gebly het.

Koshuise het oor die algemeen gesukkel om genoeg oefeninge vir Vensters ingepas te kry en huiskomiteelede moes soms self inspring om alles betyds te laat gebeur.

Die onderskeie koshuise het egter saamgespan om 'n aand van onvergeetlike vermaak 'n sukses te maak.

# Trolley race madness

**KIRSTEN HELM**

IN THE age-old tradition of Trollies, first years took to the streets in their quest for JOOL domination. With speed demons and maniac racers,

Taking place on Tuesday 19 January, Trollies was a not-to-be missed event. Hungry for a taste of victory, participants proved that speed and creativity are a winning combination. Victoria street buzzed with an atmosphere of excitement and enthusiasm.

Shopping Trollies were handcrafted into mean machines and interesting designs. Hours of preparation were necessary for the making of these racing trollies. Some designs were patriotic: Majuba crafted a speeding trolly in the shape of a dove.

Other competitors seemed to be committed to social consciousness and brought a new meaning to "mean, green machines". Vesta and Lydia created eco-friendly designs.

"Our trolley was built out of recyclable materials," says Stephan Kruger, a Vesta HK member.

Providing the usual entertainment in the form of action movie crash and burn scenes, Trollies did not disappoint.

Crowds roared in encouragement, appreciating creative works of art and the cheap thrill of watching someone fall.

First years dressed in materials ranging from spandex to black bags showcased their HK's creativity. Our former president mr Nelson Mandela, superheroes, batwoman and even our very own Charlize Theron made their trolley debut.

Awards were won in this obstacle course on not only speed and agility but also appearance and team spirit. The ladies of Silene came out on top followed by Erica and Minerva in second and third place.

In the men's race Kolonieshof were the champions, followed by Academia in second place and Simonsberg in third place.



**MARY HAD A LITTLE LAMB, A TROLLEY WHITE AS SNOW** The first years showcased their trolley-racing abilities at the annual RAG trolley races sponsored by Checkers. **Photo: JOHANN SWART**

Beauty & Body Care

Student Discount

- Waxing
- Lash & Brow Tinting
- Facials
- Manicure & Pedicures
- Massages
- Gift Vouchers
- Environ, Nimue & Guinot

021 883-9508
Madelein Human
5 Drostdy Street
Stellenbosch
(Opposite Moederkerk)

Crew needed @ MTB Event

5-7 March

Also crew one needed per month @ Trail Centre

Email CV to: team@dirtopia.co.za

# Drie volwaardige Matie-tradisies

**ARNÉ GREYLING**

JOU STUDENTEJARE is die beste tyd van jou lewe, so geniet dit. Hierdie sinnetjie is die afgelope week deur 'n menigte eerstejaarstudente gehoor.

Net omdat jy geregistreer het en met 'n blink studentekaart en lekker hardeband dagboek onder die arm by die Neelsie uitgestap het, beteken dit egter nog nie dat jy 'n volwaardige Matie is nie.

Soos die mites vertel, is daar drie dinge wat eers moet gebeur...

Jy het al heel waarskynlik van die romantiese wandelinge en soene in die Laan gehoor. Hiermee stel ek dus die eerste tradisie aan julle voor. Die veelbesproke soen in die Laan. Om seker te maak dat elke student 'n gelyke kans het met die volbring van hierdie tradisie, reël die Studenteraad die jaarlikse Soen-in-die-Laan. Hier kry ieder en elk die geleentheid om hul geliefde, of 'n gewillige, 'n kus te gee in die mees romantiese straat op die dorp.



Die tweede tradisie is die veelbesproke akker wat op jou kop moet val. Ongelukkig kan die Studenteraad nie hiedie tradisie moontlik maak nie. So beplan jou roetes tussen klasse só dat jy 'n wandeling onderdeur die akkerbome gewaarborg word. Indien geluk nie aan jou kant is nie, kan jy altyd 'n gewillige vriend vra om sy teikenskiet-vermoëns op jou te oefen.

Om 'n vak te sleep, is die derde tradisie. Dit is ook die maklikste een wat die minste inspanning sal verg. Dit mag ook dalk ńet die tradisie wees wat vir die meeste eerstejaar-ouers grys hare veroorsaak. Ek is seker ek hoef nie wenke te gee oor hoe om hierdie tradisie 'n sukses te maak nie. Ek kan egter voorspel dat die vak wat jy gaan sleep heel moontlik daardie vak gaan wees wat op 'n Donderdagoggend in die agtuur-tydgleuf op jou rooster verskyn.

Hierdie is egter net die amptelike tradisies wat aan studente voorgehou word. Daar bestaan heelwat ander nie-amptelike tradisies ook, soos om 'n garage-*pie* te eet ná 'n aandjie uit, of om 'n middernagtelike besoek aan McDonalds af te lê ná jy die aand by Springboks geëindig het.

Maar, wie weet, dalk ontstaan daar 'n nuwe tradisie tydens jou studiejare as 'n Matie.

# Realiteit buite die huis

ELONA NEL

DIE VAKANSIE is finaal verby en die luilekker somersdae van son, see en sand het met die laaste brander weggespoel.

Alhoewel die ongenaakbare hitte van Stellenbosch die vooruitsig van 'n nuwe jaar op jou brand, is die opwinding van JOOL 'n welkome afleiding van die realiteite wat voorlê.

Dit is weer tyd vir klasloop, take doen, slegte kos (veral ná 'n ellelange vakansie van tuisgemaakte koningskos) en die immer gevreesde predikaattoetse en eksamens. Dalk is dit jou eerste jaar in hierdie geweste en lê die onsekere toekoms en onbekende gesigte en sisteme soos Kilimanjaro voor jou. Nietemin het die tyd aangebreek vir 'n jaar waarin baie uitdagings jou in die gesig staar en die gemak en sorgeloosheid van die huis agtergelaat moet word.

Vir 'n nuweling wat dalk nie eers 'n siel in die Eikestad ken nie, kan hierdie 'n taamlik intimiderende en dalk selfs droewige vooruitsig wees. Moet egter nie dat die skok van realiteit en gevoel van eensaamheid en verlange jou oorval nie, want hier is 'n paar wenke om dié sombere gevoelens die deur te wys.

Indien jy terug is vir nog 'n jaar van studies, behoort die aanpassing nie te dramaties te wees nie, alhoewel jy steeds droom van *cocktails* en *beach bats*. Dink terug aan jou vorige jaar(e) en onthou wat vir jou lekker was.

Gaan uit saam met vriende wat jy lanklaas gesien het en besoek plekke wat jy nog altyd wou. Maak 'n punt daarvan om nuwe mense te ontmoet. Dit is immers steeds somer en herleef 'n bietjie van jou vakansie op Bikini Beach op jou afdag terwyl die ander moet klasloop.

As hierdie egter jou eerste jaar is, kan die drastiese verandering, nuwe mense en oorvloed werk dalk jou moed in jou skoene laat sak. Daar is egter geen rede hiervoor nie; Stellenbosch en sy omliggende omgewing is seker een van die mooiste gebiede in die land wat die meeste en grootste verskeidenheid aktiwiteite bied. Sluit aan by verenigings wat jou interesseer en só sal jy ook nuwe vriende maak wat jou stokperdjies deel.

Vir koshuisgangers is daar mentors, HK-lede en mede-eerstejaars vir ondersteuning en hulp in hierdie onbekende tyd wat voorlê.

Indien jy egter in 'n woonstel bly en dit moeilik vind om aan te pas, kan jy altyd meer betrokke raak by jou klasmaats of jou privaatwyk se studente, of selfs die SSVO (Sentrum vir Studente-Voorligting en -Ontwikkeling) by 021 808 4124 kontak.

Jy kan met hulle gesels oor enige iets, van vakkeuses en akademiese hulp tot vriende en meer. Die lewe ver van die huis af is 'n uitdaging en aanpassing, maar jy is nie alleen nie. Gryp die kans, leer mense ken, en voor jy weet is Matieland jou nuwe tuiste.



**ALLE GOEIE DINGE KOM TOT 'N EINDE** Die vakansie is verby, en ure van swoeg en swot lê weereens voor, maar dit beteken nie dat alle vakansiepret tot 'n einde kom nie. **Foto: JULIA WAHREN**

## Skep jou eie blaaskans ná die vakansie

# 'n Weeklikse vakansie

ARNÉ GREYLING

Die vakansie is amptelik verby. Wat 'n ontstellende gedagte. Alhoewel die meeste van ons voltydse studente is, kan daar steeds 'n tydjie afgeknyp word. Daar is iets vir almal hier op Stellenbosch. As die buitelug jou ding is of yskoue riviere en asemrowende mini-watervalle jou aanstaan, is die Jonkershoek Natuurreservaat 'n besoek werd.

Hierdie reservaat is nie eers tien minute se ry van kampus af nie en ingangskostes beloop R25 per persoon. Wanneer jy binne is, is dit so 1km se stap tot by die eerste waterval waar jy lekker in die water kan plas en 'n piekniek kan geniet. Die tweede waterval is net 'n klein entjie verder. Die roete daarheen is nie so maklik soos dié na die eerste waterval nie, maar dit is sonder twyfel die moeite werd.

Nog 'n park wat die moeite werd is om te besoek, is die Jan Marais-Park bo in Victoriastraat. Hier is toegang gratis en daar is maklike staproetes uitgelê. Te midde van die natuurskoon in hierdie park is daar heelparty verrassings versteek.

Nog 'n opsie wat kan help met die traumatiese en skielike oorgangsfase tussen vakansie hou en klasdraf is om op 'n Saterdag-uitstappie strand toe te gaan. Kry 'n groep vriende bymekaar en geniet die dag. Dáár kan jy tydelik van klasdraf en studies vergeet terwyl jy die son, see en sand geniet. Terwyl jy in daardie area is kan jy sommer 'n draai maak by die boekwinkel in Gordonsbaai – 'n ou huis wat van vloer tot plafon met tweedehandse en nuwe boeke gestapel is. Dié spesifieke boekwinkel is in Kusweg gesitueer en is menige boekliefhebber se idee van die hemel.

'n Lekker wynproesessie saam met goeie vriende is ook 'n wonderlike idee. Daar is oneindig baie wynplase in en om Stellenbosch wat wynproe aanbied en verbasend genoeg is van hulle selfs bekostigbaar vir studente.




**REËNBOOGNASIE BRING INSPIRASIE** Tydens Jool 2010 het Stellenbosch se gemengde koshuis, Goldfields en Tygerberg koshuise, Osler, Meerhoff en Huis Kerkenberg, saam gestaan om 'n verskil in die lewens van die leerders van die Babin Skool (Stellenbosch Early Education Development Trust) aan te bring. Ten bate van hierdie projek is menigte ure spandeer aan die betekenisvolle muurskilderye wat teen die Bp -petrolstasie se mure pronk. **Foto: VERSKAF**

# The Vampire Diaries

JOEY VOLSCHENK

LOVE sucks, or at least it does for 17 year-old Elena Gilbert (Nina Dobrev). Life as a Gilbert has its own tragedy: after Elena and Jeremy Gilbert (Steven R McQueen) lose both their parents in a tragic car accident, they are forced to try and cope with their grief while moving on with their lives.

Elena, once a star student, beautiful and popular, now struggles to find herself in a world riddled with sadness and loss.

But in the small town of Mystic Falls, Virginia, Elena is soon to enter a dark world and to be torn between love and danger.

The new school year begins with the arrival of the tall, dark and hadsome Stefan Salvatore (Paul Wesley). Fascinated by the mystery surrounding Stefan, Elena finds herself strangely drawn to him. But all is not what it seems. Beneath the pale beauty and enticing stares, lies a secret so dark it could mean the end of life – Elena's life.

She has no way of knowing that Stefan is actually a very old vampire struggling to live among humans. The tale takes a twist as we learn that it is not only humankind that Stefan has to protect his identity from.

Instead the battle of good versus evil becomes a sibling rivalry, when equally attractive Damon Salvatore (Ian Somerhalder), Stefan's brother, makes his appearance. Damon soon proves to be the embodiment of the tales vampire legends were made of.

Torn between her love for Stefan and her fear of Damon, Elena finds herself in grave danger. The two brothers are at war for not only her soul, but for the souls of her friends and the residents of Mystic Falls.




move to the music
mfm 92.6



## TOP 10

1. ONE LOVE – DAVID GUETTA ft. ESTELLE
2. PARTY IN THE USA – MILEY CYRUS
3. FIREFLIES – OWL CITY
4. EMPIRE STATE OF MIND – JAY-Z ft. ALICIA KEYS
5. LEFT MY HEART IN TOKYO – MINI VIA
6. TIK TOK – KESHA
7. LIVE LIKE WE'RE DYING – KRIS ALLEN
8. VIDEO PHONE – BEYONCE
9. BABY BY ME – 50CENT ft. NE-YO
10. MEDICATE – AFI



**GOLFSLAG** Die *band* Tidal Waves was besonder gewild onder die gehoor by die Vierde Avontoer wat hierdie Desembervakansie plaasgevind het. Hier vermaak Jacob "Zakes" Wulana – dié groep se hoofsanger, kitaar- en bekfluitjiespeler – die Avontoerlustiges. **Foto: MARK REITZ**

Vierde Avontoer laat die "kopskud-kinders" lekker dans

# Nóg 'n suksesvolle vaart

**JEAN JORDAAN**

Die legende van die seerowers – oftewel Avontoer-aanhangers – het in 2005 die lig gesien toe Zinkplaat en Die Helde besluit het om teen die Weskus te toer. Vier jaar later het die vierde MK Avontoer op 26 Desember weer die skip se seile gespan.

Tien *bands*, twee busse en 'n klomp seerowers om die ekstra sitplekke te vul... Tente, wyn, *bondfires* en baie gees was aan die orde van die dag.

Die eerste stop was Stilbaai, vir die Groot Gees Rock-Fees, waar die tien Avontoer-*bands gegig* het. Die manne van Vanfokkingtasties het hulle by hul aangesluit om die *line-up* te verbreed.

Dit was reeds by die eerste *gig* waar sekere *bands* die gehoor beïndruk het, veral met die manier waarop hulle met die gehoor *ge-interact* het.

Teleurstelling het na die aand se kant toe die atmosfeer gevul toe Fokofpolisiekar en aKing, as gevolg van 'n reënbui wat uitgesak het, nie hul *set* kon speel nie. Die reën het die stof van almal se lywe afgespoel terwyl *fans* die venue verlaat het op soek na ander weivelde.

Op die Avontoer was daar *bands* wat baie indrukwekkend was, asook ou gunstelinge wat, soos gewoonlik, die standaard van Suid-Afrikaanse musiek na nuwe hoogtes verhef het.

Die Tuindwergies was een van hierdie *bands*. Hulle het gewys dat hulle met goeie musiek en 'n *kick-ass performance* nog diep spore in die industrie gaan trap.

Die Dwergies het ook hul Avontoer-ervaring beskryf as die "lekkerste toer-ervaringe ooit." Tidal Waves was een van die *bands* wat konstant 'n groot *crowd* getrek het.

Dit is veral die diverse genres van die *bands* wat altyd van die Avontoer 'n sukses maak. *Collabs* (of dan nou samewerkings tussen musiekante) het ook oral op die toer plaasgevind. Die MC van die Avontoer, Dawie Bornman, het selfs gewys wat in hom steek wanneer hy 'n kitaar vashou.

Hy beskryf dit as 'n "voorreg" om te kon optree saam met *bands* soos Tidal Waves, Straatligkinders, eF-eL, City Bowl Mizers en Zinkplaat vir die "ontelbare hoeveelheid seerowers wat elke keer 'Net nog een keer' wou saamsing!".

'n Ander *collab*, wat by die Mosselbaai-been plaasgevind het, was toe Simeon Kriel, die hoofsanger van Alleen Na Desember, die *vocals* oorgeneem het by Bouwer Bosch en "Die Beskermer" 'n nuwe baadjie aangetrek het.

Straatligkinders se *performance* op Stilbaai was egter baie teleurstellend, maar Simeon het met 'n rou, nuwe klank hul *stage performance* na 'n ander vlak gevat.

Agter die skerms sê Beer Adriaanse van Zinkplaat dat waar hulle voorheen net so dan en wan 'n kampvuurtjie aan die gang sou kry, daar op hierdie toer elke aand 'n reusevuur was, en ten minste 50 seerowers wat daarrondom partytjie en musiekmaak.

"Daar was lanklaas so baie samesyn in so 'n kort tydjie. Die toergeselskap was soos 'n klomp besetenes wat net omgegee het oor die musiek en die partytjie en om mekaar te ondersteun," sê Beer.

Ek weet verseker dat ek aan die einde van 2010 myself gaan vestig in die geselskap van die Vyfde Avontoer en baie seerowers.

In die woorde van Dawie Bornman: "Hierdie was my derde Avontoer, en om die waarheid te sê, die lekkerste een nog."

"Kopskud-kinders" het oudergewoonte gekom "net om die geraas in te asem" en die vertonings te kom ondersteun. Al was dit net om te kom "Lekker, lekker dans" of te kom inskakel op die Avontoer se "Frekwensie".

---

**The Fourth Cape Town International Summer Music Festival** kicks off tomorrow night at 20:00. The price of tickets ranges from R120 to R165.

The festival venues include the Cape Town City Hall, Baxter Concert Hall and the Artscape Theatre. The festival runs until Thursday 18 February.

**Zinkplaat** is môre-aand om 20:00 in Bohemia te sien.

Fiction in Long Street, Cape Town, will be playing host to top UK drum 'n bass producer **Drumsound** tomorrow night. Doors open at 21:00.

**Chris Chameleon** speel môreaand by Die Boer in Durbanville. Kaartjies kos R120.

The alternative folk pop band **Dear Reader** will be playing at Klein Libertas on Friday 29 January. The gig starts at 19:00 and tickets cost R40.

Die Amerikaanse klarinetspeler **Lone Madsen** is die Konservatorium se eerste groot attraksie van die jaar. Hierdie internasionaal-bekroonde sensasie is Saterdag 30 Januarie om 20:00 in die Endlersaal te sien. Kaartjies beloop R75 en R95.

The seventh annual **Metal 4 Africa** extravaganza is on at Klein Libertas on Saturday 30 January. The noise starts at 16:00. Tickets cost R70. The line-up is:
17:00 – Ministry Of Lost Souls
17:45 – Regicide
18:30 – Infanteria
19:15 – Dark Heritage
20:00 – Terminatryx
20:45 – A Walk With The Wicked
21:45 – Azrail
22:45 – Empery
23:30 – Revenge By Dawn

**Jack Parow en DearClient** gaan Dinsdag 2 Februarie groot geraas maak in Aandklas. Die *gig* begin 21:00 en kaartjies kos R30.

Rock 'n rollers **Thieve** will be playing at Bohemia on Thursday 4 February. The band starts kicking out the jams at 21:00.

**Third World Spectator** speel Saterdag 6 Februarie om 20:00 by Aandklas.

The **Up the Creek** Music Festival will be going down on an idyllic campsite next to the Breede River in Swellendam. The festival features over 30 live music and comedy acts and runs from Thursday 4 February until Sunday 7 February.

The price for the full weekend plus Thursday is R500 while the price for the weekend alone is R400. The prices for Saturday and Sunday are R325 (pre-event) and R375 (at the gate). The price for Sunday alone is R150. The line-up is:

4 February
20:00 – The Black Cat Bones
21:00 – Dave Ferguson
22:00 – No One's Arc
23:00 – Akkedis

5 February
19:00 – The Pretty Blue Guns
20:00 – Ryno Velvet
21:00 – The Gods
22:00 – The Plastics
23:00 – Bed On Bricks
24:00 – Dan Patlansky

6 February
16:00 – Piet Botha and Friends
17:00 – No One's Arc
18:00 – Corne and Twakkie with Dave F
19:00 – Ashtray Electric
20:00 – The Dirty Skirts
21:00 – The Black Cat Bones
22:00 – Taxi Violence
23:00 – AC/DC Tribute Show
24:00 – The Rudimentals


7 February
09:00 – Corné & Twakkie
10:00 – Boulevard Blues Band
11:00 – Flat Stanley
12:00 – Hot Water
13:00 – Andra

Vrydag 5 Februarie speel **Autumn of August, Die Einstes, Die NP Projek, Die Seisoen na Somer en The Undefind** in Hidden Cellar. Die tjoons begin om 20:00 en kaartjies beloop R30.

The *Dada South?* exhibition is on show at the Iziko South African National Gallery. The exhibition showcases a selection of original works from the Dadaist Movement of the early twentieth century as well as Dada-inspired works created by South African artists during the Struggle. *Dada South?* runs until 28 February.

William Shakespeare se *Antony and Cleopatra* is tot die einde van Februarie op die planke by die Maynardville-opelugteater.

---




**Thirty Seconds to Mars – This Is War**

WE'VE been starting to wonder whether we would see another album from this band. Braving the music industry, the band released their self-titled debut album in 2002.

Within months, they proved that their claim to fame was not just Jared Leto, but rather the combination of electronic rock, haunting melodies and mesmerising vocals.

In 2005, they raised the bar again with the release of their second album entitled *A Beautiful Lie*.


Now five years later, Thirty Second to Mars return to seduce their listeners with pulsating beats and lyrics depicting the battle between angels and demons, heaven and their own personal hell.

The release of their first single, "Kings and Queens", sent airwaves buzzing.

Collaborating with the likes of Kanye West on the track "Hurricane", they proved that the boundaries between genres could be crossed, making for an unusual and brilliant sound.

Further tracks such as "Vox Populi" share uplifting beats, combined with the harmonious vocals. Yet again, Mars have proven that they can create a sound both memorable and otherwordly.

*– Joey Volschenk*




**Thieve – Gold**

THIEVE – the hot, new indie band on everyone's lips – have recently released their highly-anticipated album, *Gold*. The final product is an interesting testament to their pop-rock sensibilities but is not without its flaws.

The album boasts a strong opening: tracks "Lion Minus Mane" through to "Live It Down" infectiously get heads bobbing and feet tapping. Sadly, *Gold* loses most of its steam halfway through the album with tracks like "Rigid Belief" and "Heart of Gold" seriously lacking the much-needed energy that characterised the opening tunes. The album does, however, pick up again with "Going To Town", only to be followed by the lacklustre "Feet on the Table". Fortunately, the closing tracks "Never Quite The Same" and "Last Day December" have the rockers returning to form, so to speak, and doing what they do best: pure, unabashed pop-rock.

What one takes from this album is that the sum of its parts is much greater than the whole. *Gold*, judged in its entirety, has both its hits and its misses.

That said, it would be wrong to rate the album in this way alone. By focusing on *Gold* as a whole, one runs the risk of not noticing the fine details and textures that are embedded in it: the gentle piano sounds that unexpectedly pop up in "Live It Down", the nifty guitarwork in "Last Day December" as well as the slick singalong-able lyrics throughout the album. Moreover, Philip Erasmus's spirited work on the drums is an absolute delight and renders him one of the band's strongest assets.

Thieve claim to follow the philosophy that "Nothing is original. Take what you want." It's certainly a philosophy that they adhere to in both name and deed. While not really offering anything groundbreaking or novel, Thieve's lively and light-hearted vibe is a treat.

*Gold* suffers mostly from a safe and conventional sound. Nonetheless, the Thieve boys certainly have talent. All they need now is a bit of cultivation, refinement and a little bit of experimentation. *– Robert Kaden*

# redaksioneel

## Respek? Tradisie? Rêrig?

Gaan respek en tradisie hand aan hand? Uit die kommentaar op die *Die Burger* se blog en die Facebookgroep "Forum van beswaar teen Pieter Kloppers" is dit duidelik dat hierdie die gonswoorde op kampus (en buite kampus) is, veral ná die Helshoogte-tameletjie.

Na aanleiding daarvan is daar 'n paar vrae wat ek myself afvra:

Moet tradisies absoluut in hul oorspronklike vorm behou word om respek te verdien / af te dwing? Of kan daar verandering plaasvind sonder dat almal op hol gaan?

Dit begin vir my al meer voorkom of die menslike vrees vir verandering onderskat word. Word daar net gepraat van 'n moontlike verandering, kan jy seker wees van 'n hele klomp teenstanders. Hoekom? Dalk omdat dit makliker is om met die gewone ou gewoontes en "tradisies" voort te gaan as om iets nuuts te probeer.

Al daaraan gedink dat om iets te verander of iets nuut te probeer ook in 'n goeie, waardevolle tradisie kan ontwikkel? Moet alles dan gehou word soos dit in die verlede was? Is die mensdom só bang vir verandering?

'n Persoon het op *Die Burger* se blog genoem dat HK's demokraties verkose is en daarom respekwaardig is. Dit het aan die lig gekom dat Harmonie se HK nie verkies is nie, maar aangestel is omdat daar nie genoeg kandidate was om 'n verkiesing te regverdig nie.

Wanneer verdien 'n HK werklik respek? Wanneer hulle verkies word of ook wanneer hulle aangestel word?

Dit is alles goed en wel om respek vir die HK en seniors van jou koshuis te hê, maar geld dit nie ook *vice versa* nie? In party gevalle blyk dit nie te geld nie.

Nog kommentaar van 'n leser op *Die Burger* se blog was dat iemand wat dit nie kan hanteer as 'n senior 'n bietjie hard met hom praat nie, nie vir haar moet kom werk nie, want sy het nie tyd vir ruggraatlose seuntjies wat aan hul mammas se rokspante vasgegom is nie.

Wat moet ek hierin lees?

Dalk: 'n eerstejaar wat toelaat dat 'n senior "oor hom loop" gaan 'n goeie werknemer maak? Ek het juis gedink dat iemand wat vir hom/haarself kan opstaan 'n sterk, onafhanklike werknemer/-gewer sou maak.

So, is "doop" 'n vereiste om 'n volwaardige mens te wees? Ek twyfel.

# BRIEWE LETTERS

## Don't judge us by our dresses

The aim of this letter is to serve as a polite response to all those who shake their heads at the Lydia custom of wearing sundresses and hats.

I hear these outfits make us appear stuck up, prim and way too serious. I don't know why people feel that way about clothes which are often covered in flowers, but nonetheless. At the same time other reses have tried to copy us. Please girls, when you wear a wide-brimmed sun hat on campus it is equivalent to Helshoogte building an Eiffel Tower on their roof. Why would they do that?

The Lydia style is reminiscent of the 1950s and this seems to imply that we are forcing our girls back into the role of the suppressed Stepford wife who utters "Oh dear" in a high-pitched voice when she burns her apple pie.

That is not the image Lydia ties to convey by wearing dresses and hats. When we wear them we think of such style as icons like Coco Chanel, Audrey Hepburn and Princess Diana. Women who did not follow fashion's every whim, but instead sought simplicity, sophistication and timeless style.

By asking (take note: not forcing) first years to wear dresses we want them to learn the following: That when you have true style, your clothes alone do not say who you are, *you* have to. When you are wearing a little black dress it's your personality that becomes your best accessory.

But more importantly, that taking care of yourself, and pride in your appearance, is the only thing you can do when you really respect yourself and your body. You cannot expect others to respect you, especially as a woman, if you do not first respect yourself.

That is way we don't tell our first years they can't shave their legs in JOOL, but instead as them to look their best. That is why we wear hats and sundresses, and not short bubble skirts (which, by the way ladies, draws attention to your thighs, while not really accentuating your pretty behind).

What I learnt during my time in Lydia is that being a lady, and being a strong, inspiring, respected and assertive woman is not mutually exclusive. To succeed among men women should not have to give up their feminity; we should embrace it.

I have been a feminist all my life, but Lydia taught me to be a feminine feminist.

And to anyone who still has an issue with what Lydia wears: It's not our fault if your first years are too fat to work a floral print.

**– MARI BEUKES**
**OUD-LYDIANER**

## Jock Off!

My experience as a seasoned social senior student has taught me that the first few weeks of going out in a new year are usually the most enjoyable, and also the most frustrating.

The latter can be attributed to the sudden influx of fresh students who outstrip the supply of watering holes. This is the time when caging appears around two of my favourite regular spots – Bohemia and the Boer – to keep the invaders out.

Still many standouts make it into these hangouts – most are lost and unaware of the specific vibes of the various spots.

This is excusable (I myself mistakenly spent my first few weeks of first year in Cancun … not ayoba).

But what's really getting to me are the increasing frequency of visits of a species that does not belong in my habitat, namely jock and poppie. These are naturally the antonyms of mystic and bohemian.

Don't get me wrong – we don't judge people at my joint. Everybody's welcome. We enjoy diversity… as long as you don't take over (which is steadily happening).

It dawned on me that there is a disturbance in the *kuier*-force of Stellenbosch. Over the past few months the waterholes of Stones, All Stars and Tollies have closed down, leaving their animals with no alternative … except for the alternative scene.

This is definitely not ayoba. I need space to boogie. I don't want to wait 30 minutes for my Black Label. Why must my home look after the Tollies refugees?

My message is basically this: Mystics and Bohemia are not hangouts for your type of people. We freaky folk never intruded in your domicile. We expect the same respect from your side towards our abode.

In other words: you are not welcome.

**SINCERELY,**
**THE BOTHERED BOER**

## JOOL beweeg in regte rigting

Baie van die gebruike en tradisies rondom JOOL kom uit 'n baie spesifieke konteks. Die konteks waarin die sogenaamde pret plaasvind het intussen verander, maar die gebruike nie. Dit was verblydend om te verneem dat daar tog individue is wat dit begin besef en erken.

Groot was my verbasing toe ek hoor dat daar by vanjaar se Vensters en Vlotte 'n "groen polisie" sou wees. Vensters moes 'n "groen" tema aanraak, en daar sou gekyk word na koshuispare se gebruik van materiale en die hantering daarvan (wat daarvan word, herwinning, ens) ná die vertoning en optog, en ekstra punte sou daarvolgens toegeken word.

Ek voel dit was hoogtyd dat hierdie element in ag geneem word by 'n *event* soos JOOL wat so 'n enorme impak op die omgewing kan hê. Hoe is dit dat ons omgee en geld insamel vir MGD, maar ons omgewing nie in ag neem nie?

Hierdie komponente is ineengeweef en het 'n direkte impak op mekaar.

Jool het lankal reeds 'n *make-over* nodig – nie net in terme van omgewingsaspekte nie, maar ook in terme van aktiwiteite aangepak en hoe daar oor hierdie aktiwiteite gedink word. Wie word betrek en wie word uitgesluit? Hoe dra dit by tot die vorming van die tipe mense wat die universiteit graag as graduandi wil hê?

Hoewel hierdie slegs een stap in 'n ander rigting was, was dit 'n baie nodige stap. En hopelik die eerste van baie.

**– DUUR JOLYT**

Studentesake




**BEHUISINGSVERWARRING** Dit blyk dat daar verwarring bestaan oor wat PSO's is wat dit beteken om in een geplaas te word.


**HOOFREDAKSIE**

**HOOFREDAKTEUR** Annelize Kloppers (redakteur@diematie.sun.ac.za)
**ADJUNKREDAKTEURS** Marietjie Vos (inhoud@diematie.sun.ac.za), Roann Louw (grafika@diematie.sun.ac.za) Marietha Brits (bedryf@diematie.sun.ac.za) **NUUS** Anthea Hartzenberg (nuus@diematie.sun.ac.za)
**AKTUEEL** Anika Marais (aktueel@diematie.sun.ac.za) **DAG EN NAG** Robert Kaden (dn@diematie.sun.ac.za)
**STUDENTELEWE** Joey Volschenk (sl@diematie.sun.ac.za) **SPORT** Mia Smit (sport@diematie.sun.ac.za)
**TEKS** Vakant (teks@diematie.sun.ac.za) **FOTO** Johann Swart (foto@diematie.sun.ac.za)
**ADVERTENSIES** Vakant (ads@diematie.sun.ac.za)
**REKENAAR** Simon de la Rouviere (it@diematie.sun.ac.za)

**MEDEWERKERS**

**KWYTRAAK** Deonette Theart (kwytraak@diematie.sun.ac.za) **EARL DE TOILETTE** Philip de Beer (earl@diematie.sun.ac.za) **MANEWALES** Amori Stols (manewales@diematie.sun.ac.za) **SPOTPRENT** Vakant (spotprent@diematie.sun.ac.za) **ADDISIONELE GRAFIKA** www.sxc.hu


**STEL JY BELANG?**

As jy as joernalis, taalversorger, grafiese ontwerper, advertensiewerwer, fotograaf of rekenaarassistent betrokke wil raak, woon gerus 'n redaksievergadering by op die Woensdag waarop *Die Matie* verskyn. Ons vergader om 18:30 in ons kantoor op die eerste vloer van die Neelsie.


**TEL** 021 808 3539 **FAKS** 021 808 3538 **E-POS** diematie@diematie.sun.ac.za
**POSADRES** Langenhoven Studentesentrum, Privaatsak X1, Universiteit Stellenbosch, Matieland, 7602
**WEBADRES** www.sun.ac.za/diematie **OPLAAG** 8 000
**VOLGENDE UITGAWE** 10 Februarie 2010 **SPERDATUM** 3 Februarie 2010
**ADVERTENSIES** 084 858 9902


**KLAGTEPROSEDURE EN FOUTRAPPORTERING**

Indien enige leser 'n klagte het dat *Die Matie* nie op 'n ewewigtige, eerlike en objektiewe wyse rapporteer nie, of dink dat menings uitgespreek in *Die Matie* nie godsdienstige en kulturele sake met omsigtigheid hanteer nie, kan 'n klag by die SR-lid vir Media gelê word. *Die Matie* is onderhewig aan 'n gedragskode wat by die SR-lid vir Media beskikbaar is. Alle klagtes word deur 'n regsdosent ondersoek, waarna *Die Matie* voor die Mediaraad kan verskyn. Klagtes moet ingevolge die Mediareglement binne tien werksdae ná publikasie aanhangig gemaak word.

*Die Matie* subscribes to the South African Press Code that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balanced. If we don't live up to the code, please contact the Press Ombudsman at 011 788 4837. You may also lodge an internal complaint or report factual errors by contacting the SRC member for Media and following the procedure explained on the left.

Press Council

# Perspektiewe & dinge

## Skidmarks on the Astral Plane of Yesterday and Tomorrow's Thoughts



EARL DE TOILETTE

AH, THE start of the academic year – it never fails to bring a small tear of joy into the Earl's eyes. A tear that rolls gently from a red-eyed tear duct, and before it has even reached the cheek-bone, promptly evaporates in this terrible January solar mist.

The first years are here and the Earl has been closely scrutinizing their ridiculous welcome to this fine campus of ours. There is much to be said, much to be ridiculed and much to be derisive about, so let us begin…

The start of one's university career is undoubtedly an auspicious occasion and the Earl is glad to see that the young'uns have grasped this concept, and treat the honour of joining the ranks of the top 2% of South Africa's population with the necessary dignity and gravitas.

There aren't many more graceful things to see in this twisted world than a paraplegic 18 year-old stumbling down the road of a town he has not even spent more than a few hours in, singing the songs of his fathers – such fine form positively warms my cockles.

However, the first week back at campus isn't all just good things – the Earl's brain has also been shattered by the sheer stupidity of some of the occurrences these last few days, having had the prestigious honour of being chosen as a mentor.

(The fact that people would want this drug-addled fiend to guide their students into academic prosperity the Earl still finds baffling, as the only real skill I have to offer these little criminals are how to avoid arrest, harassment lawsuits and standing in the queues at Teasers…).

The university – naïve as it is – therefore sent the Earl on a two-day training course on how to help my mentees (which up until that day I had thought were a kind of sweetie) adjust to campus life.

"Alright guys, here is the deal: at Stellenbosch there are many diverse activities that one can partake of, and you should not feel pressured to do anything you don't want to.

**The first years are here and the Earl has been closely scrutinizing their ridiculous welcome to this fine campus of ours**

For example, should you prefer to drink Stroh Rum before breakfast, don't feel pressured to have your daily glass after breakfast, or if you prefer to take your mescaline with some cider, let no man or woman call you a pansy and force you to take it with, for example, a black cocktail (which for the tardy and uninformed is the correct term for a *brannawalie en coke*).

This is of course what the Earl had in mind when he walked into the training session that fateful morning, only to discover that the whole world had turned horribly upside down.

Instead, the Earl was confronted with the kind of psychobabble only arm-chair reclining, anti-social and disingenuous psychologists could possibly have come up with. "How does that make you feel?" "Well man, it kind of makes me feel as though I want to create a void in the place where your head is now, using only this blunted spoon and five gerbils." Ah, success – my mentee is ready for the world.

Then there has also been the residence "Welcoming Program", which inevitably consists of girls who feel as though they should attempt to make moving 500km away from home into a place, lifestyle and world they know nothing about as traumatising as possible; and, the Earl's personal favourite, men who feel incredibly powerful because they can suddenly get other men to stand in rows, dress in the same camp little pakkies (some residences even like to dress up together with their first-years – how sweet) and promote how one should fit in or F-off when you are allowed the unbelievable honour of staying wherever they may be staying.

Are these people not fully-fledged adults? Majors by law, no longer school-children, away from home – is it not our job as seniors to guide them into this adulthood and allow them to grow in that regard?

Initiation into residences is vitally important, but it is time to eat some acid, lie back and think critically about how this process occurs. Hence I leave you with two thoughts.

The first, by Yeats:

"…but I being poor have only my dreams/ I have spread my dreams under your feet/ Tread softly, for you tread on my dreams."

But don't ever forget:

"Give a man a match, and you will keep him warm for a day. Set a man on fire, and you will keep him warm for the rest of his life."

Selah.

## Wie het dan in elk geval *power tools* nodig...?



MANEWALES

"Liefie, waar is jou *power tools*?" Dis asof een van my grootste vrese waar word. In my agterkop het ek geweet die dag sal kom, maar in my naïewe onskuld het ek gehoop dat ek ouer sou wees.

"Het jy al weer *Die Nutsman* gekyk?" vra ek en probeer tevergeefs om die vrees in my stem weg te steek.

"Ja, ek kan nie onthou wanneer laas ek dit gekyk het nie." Ék kan die datum presies onthou, want ek het alles in my vermoë gedoen om seker te maak dat ons altyd iets het om te doen sodat ons dit mis. Tot vandag toe was ek baie suksesvol; en nie sonder rede nie.

Dié program het die insident van 12 Maart 2009 tot gevolg gehad waartydens hy amper sy vinger afgesaag het in 'n poging om vir my 'n raam te maak. Dit was nie 'n grap toe ek ongevalle toe moes jaag nie. Die ding is net dat ek nie bloed te goed hanteer nie en toe raak ek flou terwyl ek bestuur.

Gelukkig was daar nie baie karre op die pad nie, omdat dit 'n Sondag was, en daar was gelukkig minimale skade aan my en die kar. Die ambulans moes ons egter kom optel en dit alles vir 'n snywond aan sy vinger en een aan my voorkop wat nie eens steke nodig gehad het nie.

"Wat wil jy maak?" vra ek dus nou versigtig. Ek probeer vasstel waarop ek my moet voorberei en wie ek solank moet bel. Laas toe hy 'n spyker probeer inslaan het, het hy net sy duim gebreek. Dit kon ek hanteer weens die afwesigheid van bloed. Waarom hy so 'n obsessie daarmee het om handig te wees, kan ek nie verstaan nie.

Kom ons wees eerlik en erken aan onsself dat geslagsrolle die groot grysarea van die 21ste eeu geraak het. Dis algemene kennis dat daar meer vrouens as mans aan universiteite swot.

Daar is selfs op ons kampus omtrent twee vroue vir elke man – dit maak monogamy 'n bietjie moeiliker. Ek kan nie help om op te let dat daar ook meer vroue is wat padwerke doen aan die N1 nie. Mans is weer besig om vroue uit hul domein te werk deur van die beste chefs en selfs klere-ontwerpers te word.

Ek is van mening dat my vriendin wat siviele ingenieurswese swot beter kan sweis en vleisbraai as die meeste mans. Die stigma oor geslagspesifieke beroepe is besig om stelselmatig te verdwyn – die getal vroue wat ingenieurswese, landbou en selfs boukonstruksie gaan swot groei jaarliks.

My neef, 'n testosteroonkoning en bouer, het nou die dag vir my vertel hoe hy vir sy vrou 'n rok en beddegoed gemaak het. Ná 'n paar van haar kosmaakpogings het my suster se man besluit dat dit dalk beter sal wees as hy die takie oorneem aangesien voedselvergiftiging 'n realiteit is. My pa het gedink hy kan enige iets met superglue en bloudraad regmaak.

'n Mens kan nie alles doen nie; my kêrel mag dalk geen hand-oogkoördinasie besit nie, maar ten minste is hy vinnig op pad om 'n aktuaris te word. Ek reken dat hy eendag iemand sal kan betaal om vir hom spykers in te slaan.

"Ek het planke gekry; al wat ek nou nodig het is die boor en skroewe." Ek sien bloed en voel al klaar lighoofdig. Al wat ek kan doen is om myself te verwyt oor die *pressed wood* wat ek gekoop het om op te skilder.

"Liefie, kom sit gou hier by my." Die uitdrukking op sy gesig kan vergelyk word met dié van 'n seuntjie wat sopas sy roomys in die sand laat val het.

"Ek het nie skroewe nie." Ek hoor 'n sug.

"Maar ons kan Maandag vir jou gaan koop," paai ek want ek weet 'n man se ego is 'n baie brose ding.

"Ja, maar ek is nou regtig lus om met my hande te werk."

"Môre is nog 'n dag, en as jy met jou hande wil werk kan ek aan 'n paar ander dinge dink wat jy kan doen."

"Ek het nog nie só daaraan gedink nie," sê hy met 'n speelse glimlag op sy gesig.

Wie het *power tools* nodig...?

# GORRELKOP

Die skinder agter die nuus. Die waarheid agter kampuspolitiek. Die kommentaar waarvoor almal bang is. Gorrel is nie verantwoordelik vir enige ongerief veroorsaak nie.

### REGISTRASIE/KONSTERNASIE

GORREL, en omtrent ál Gorrel se maatjies, is verlede week getraumatiseer deur hierdie universiteit se laakbare poging tot administrasie. Hoe is dit móóntlik dat dit in hierdie tegnologiese era vyf ure kan vat om vir twee vakke te registreer?

En waarom is dit nog nodig om 'n woud af te kap vir al die papier wat in Narga gebruik is wanneer dit glad nie moeilik is om die hele proses op mymaties af te handel nie?

*– Gorrel voel jammer vir al die studente wat vir ure in rye moes staan, vir al die personeel wat dae lank in Narga moes sit en geduldig wees, en vir al die bome wat gesneuwel het ter wille van die universiteit se 20ste-eeuse metodes.*

### GOED, NOU WAARHEEN VERDER?

DIT ONTSTIG Gorrel om te hoor dat 'n hele paar eerstejaars verlede week op kampus opgedaag het met briewe van die sogenaamde "PSO-koshuis" en vrae oor waar hul kamers is as hulle in Pieke plek gekry het.

Gorrel vermoed daar bestaan 'n ernstige kommunikasiegaping tussen die universiteit en voornemende studente. Hoeveel eerstejaars moet nog tas-in-die-hand voor Studentesake opdaag voor daar iets aan die probleem gedoen word?

*– Gorrel sien dat dit vir die universiteit nie genoeg is om studente akademies deurmekaar te maak nie; hulle moet ons nog administratief verwar ook.*

### NÓG ADMINSAKIES

EEN VAN Gorrel se maatjies moes onlangs 'n Dekaansvergunningseksamen skryf. Die blote gedagte aan só 'n eksamen is genoeg om enigiemand effe senuweeagtig te maak, maar voeg daarby die deurmekaarspul van verlore vraestelle en sessies wat 'n uur laat begin, en die resultaat kan net katastrofaal wees.

Die gevolg was dat sommige studente eers 22:00 of 23:00 klaar geskryf het. Wat 'n goeie begin tot die akademiese jaar.

*– Gorrel kan aan die einde van die eerste week of so op kampus net sê dat hierdie universiteit se administrasie meer probleme veroorsaak as wat dit oplos. Wát gaan aan?*

## kampusquotes

**It's tough being a trophy boyfriend.**
– An SRC member's boyfriend waits for her outside the VIP section of a Vensters show

**– Ou, wás jy ooit in 'n seunskool?**
**– Lýk ek vir jou wan-aangepas?**
– Twee Pieke-mentors stry oor die meriete van enkelgeslagskole

**There's a 15-year gap between my sister and me. When we go shopping, old people look at me disapprovingly.**
– A Huis Ten Bosch first-year on the dangers of being mistaken for a teen parent

**– Dink jy avokadopeer-roomys sou 'n goeie idee wees?**
**– Hoe lank hoor jy al die stemme?**
– Twee dosente in gesprek

**UJ (University of Johannesburg) is set out like a Counterstrike map.**
– A Victoria Street resident discusses the relative beauty of other universities

**I'll be your friend on Facebook if you help me here.**
– Engineering lecturer focuses his attention on one student after nobody in class wanted to answer his question

**– Urgh, dis aaklig!**
**– Nee, dis net Dagbreek.**
– Twee Vensters-kykers in gesprek oor die verkeersopeenhoping in Dagbreek se binnehof

**Dis nou een skip waarop ek nié wil wees nie.**
– 'n Dosent lewer kommentaar op die Tygerberg-Studenteraad se plakkaat in die Verwelkomingsmatie

*Stuur jou KampusQuotes na quotes@diematie.sun.ac.za*

Nu Bar
**Quote van die week**

**It begins.**
– English first year after being told she has to speak Afrikaans to her roommate's 3 year-old sister

www.nubar.co.za

## 2010 SOKKERWÊRELDBEKER

Deel Ses: Persepsies oor Wêreldbeker word bevestig en verskuif met aanbreek van 2010

# Nuwe kalender bring groot opwinding

**ELRI NIEUWENHUIS & MIA SMIT**

Vir die afgelope twee of wat jaar is die 2010-Sokkerwêreldbeker op almal se lippe. En nou dat ons slegs maande van hierdie gebeurtenis weg is, is daar baie beloftes en persepsies wat waar geword het en verbreek is. Nie net kry die land die finansiële inspuiting wat dit nodig het nie, maar die toernooi bied ook die geleentheid om buitelandse toeriste bewus te maak van wat Suid-Afrika het om te bied en kan hulle moontlik aanmoedig om weer die land te besoek.

Dit is ook belangrik om te kyk na hoe so 'n geleentheid die burgers van 'n kultureel diverse land herenig. Soos dit reeds in die geskiedenis gesien is, het sport en sportbyeenkomste dikwels die vermoë om mense van verskillende agtergronde saam te bring. Die beste voorbeeld hiervan is die Rugby Wêreldbeker van 1995. "Invictus", wat tans op die silwerdoek draai, het dit weer vars in almal se geheue gebring.

Dit is egter debateerbaar of 'n sport soos sokker aanvaar en ondersteun sal word in 'n tradisioneel "rugby-land" en veral 'n tradisioneel Afrikaanse dorp soos Stellenbosch. Tot dusver is daar 'n definitiewe skeiding tussen wat 'n mens dalk die "koeksuster-braaivleis-en-rugby-kultuur" en die "mieliepap-vuvuzela-sokker-kultuur" kan noem.

Volgens Lisa Rothkegel, prim van Metanoia, is dit juis die diversiteit wat ons binne ons landsgrense het wat ons die vermoë gee om te kan aanpas by nuwe kulture en gebruike. Lisa sê verder: "Hierdie is 'n uitstekende geleentheid om die negatiewe persepsies wat daar in die buiteland oor Suid-Afrika bestaan, af te breek en vir almal te wys dat ons wel aanbeweeg en gegroei het in die laaste paar jaar. Ons kan trots wees op 'n gasvrye- en verwelkomende kultuur wat oop is vir verandering en wat mense van ander oortuigings kan aanvaar."

"Ek dink daar is beslis ruimte vir 'n sokker-kultuur, beide in die land en op kampus," het Maryke Pauw, SR-Sportbestuurder, gesê. "Ek het aanvanklik nie die impak wat die wêreldbeker op die land en op die universiteit gaan hê besef nie, maar is nou geweldig opgewonde om ook ons deel te doen om die geesdrif wat daar in die land is, hier op kampus te inkorporeer."

Garth le Roux, sportbestuurder: Maties Sokker, sê sy persepsie van die Sokkerwêreldbeker het nie verander toe die die eerste dag van die nuwe jaar begin het nie. Hy was nog altyd positief. Hy sê die sukses van die funksie waar al die spanne wat gaan deelneem aangekondig is, is 'n goeie maatstaf daarvoor dat die Wêreldbeker ook 'n sukses sal wees. "Alhoewel veiligheid 'n probleem is, was mense ook baie skepties voordat die Wêreldbeker in 2006 in Duitsland aangebied is". Le Roux sê hy voel dat Suid-Afrika baie meer gevorderd is met die voorbereidings vir die Wêreldbeker as wat Duitsland op dieselfde stadium was.

Le Roux is egter van mening dat Bafana Bafana se prestasie 'n saak van kommer is. Hy voel wel dat die nasionale span tot die tweede rondte sal deurdring, maar nie die kwartfinaal sal haal nie. Afrika het besondere goeie spelers en baie van die spelers speel vir Europese spanne. Suid-Afrika het van die wêreld se beste PSL-ligas, maar tog doen die nasionale span swak. Le Roux sê: "Bafana Bafana kies nie altyd die regte spelers nie". Spanne soos Kaizer Chiefs en Orlando Pirates sit baie druk op Bafana sodat hul spelers in die nationale span kan speel, en so deur die Europese klubs gewerf kan word.

Le Roux voel finansies speel 'n groot rol in die hoeveelheid ondersteuning wat rugby in Suid-Afrika kry teenoor die hoeveelheid ondersteuning wat sokker kry. Rugbyspelers kan net soveel geld kry om vir 'n provinsiale span te speel as om vir 'n Europese klub te speel. Sokkerspelers kan egter 'n veel beter salaris verdien deur vir 'n Europese klub te speel as vir 'n plaaslike klub. Dit lei daartoe dat al die beste sokkerspelers oorsee gaan en daar dan geen trekpleisters is om die toeskouers na die plaaslike wedstryde te lok nie. Omdat die goeie rugbyspelers vir plaalike spanne speel, is dit baie meer toeganklik vir toeskouers. Dit is dus baie belangrik dat plaaslike spanne hul spelers genoeg betaal.

Die universiteit speel ook 'n belangrike rol ten opsigte van hulpbronne, aangesien die koshuise op kampus aan toeskouers uitgehuur sal word.


Volgens Gugu Ntuli, CEO van SUSPI, sou Stellenbosch aanvanklik as 'n basiskamp gedien het, maar geen span het nog hulself hieraan verbind nie. Daar gaan egter nog steeds baie ondersteuners kom. Daar gaan ook publieke vertoonfasiliteite wees, wat baie mense sal kan akkommodeer.

Dan is daar ook die Lentelus Sokkersentrum wat opgerig word, deels om die bewusmaking en uitbreiding van sokker te bevorder. Hierdie sentrum vorm deel van die universiteit se Oorhoofse Strategiese Plan (OSP) vir 2015 en sal Stellenbosch se sokkerakademie huisves. Hier sal sokker, sowel as lewensvaardighede, gesondheidskwessies en maatskaplike waardes, afgerig word. Dit help om die erfenis van die Wêreldbeker te vestig.

Daar word verskeie aktiwiteite op kampus beplan om studente meer betrokke te maak. Volgens Sunette Brink, koördineerder van die 2010 bewusmakingsveldtog op kampus asook die bestuurder van die Neelsie Studentesentrum, word daar ook baie van hulle kant af, in samewerking met Stellenbosch-Munispaliteit, gedoen om die Wêreldbeker te ondersteun.

Daar word selfs beplan om 'n rekordpoging aan te wend vir die grootste sokkerwedstryd wat in die Neelsie sal plaasvind. Studente kan gerus kennisgewings dophou vir meer inligting oor hoe om deel te wees van Maties, en ook die land, se sokkergeesdrif.

FIFA WORLD CUP



Die Bloukamer
Restaurant - Catering-
Conference Facility
www.diebloukamer.co.za
Top Floor Neelsie Centre
Big screen TV | Bar
021 808 2846
erika@diebloukamer.co.za

Die MATIE
# Sport

Die Bloukam
Restaurant - Caterin
Conference Facilit
www.diebloukamer.co
Top Floor Neelsie Cent
Big screen TV | Ba
021 808 2846
erika@diebloukamer.co.z

WOENSDAG 27 JANUARIE 2010 NEGE-EN-SESTIGSTE JAARGANG | NO 4 | GRATIS OP KAMPUS VERSPREI



**VINNIGER AS RYK** Heerden Herman is hier by die onlangse WP SASKO-Swemkampioenskappe. Hy het die Olimpiese swemmer Ryk Neethling se rekord gebreek. Foto: VERS

Heerden Herman breek Ryk Neethling se veertien jaar-oue rekord

# Matie-swemmers reik vir meer as net goud

**MIA SMIT**

Heerden Herman is definitief Maties-Swem se goue seun. Hy het onlangs by die WP SASKO-swemkampioenskappe Ryk Neethling se rekord vir 18-jariges met 10 sekondes verbeter. Heerden het die rekord met 'n tyd van 15:03:99 gebreek.

Herman is die huidige junior wêreldkampioen in die 800m vryslag. Hy het by die kampioenskappe ook sy eie WP-rekord gebreek. Hy moet nou net 3 sekondes vinniger swem om Neethling se Senior SA rekord te breek. Neethling het dit tydens die Sydney Olimpiese Spele in 2000 opgestel.

Die Matie-swemspan het as 'n geheel besonder goed gedoen by die SASKO-swemkampioenskappe. Hulle het gewen by USSA in die aflosse met ses silwermedaljes en een bronsmedalje en in die individuale resies met sewe goue-, sewe silwer- en ses bronsmedaljes. Ashley Olivier en Marnitz du Plessis is ook gekies vir die USSA-Span.

Marie Rabie wat deelgeneem het aan die Olimpiese spele in Beijing het ook 'n Rhodes-beurs gekry om aan die Universiteit van Oxford te gaan studeer.

Herman het vir die eerste twee weke van die jaar aan 'n oefenkamp vir afstandswemmers in Potsdam, Duitsland deelgeneem. Die 24 top mans- en nege top vroue-afstandswemmers van Duitsland, Suid-Afrika, Italië, Rusland en die Faroëreilande neem deel.

Van 29 tot 31 Januarie gaan Heerden en sewe ander Matie-swemmers aan die Luxembourg Euro Meet deelneem.

Keith Vernon Steenkamp, voorsitter: Maties-Watersport, sê die Matie-swemspan het pas hul moeilikste oefentyd agter die rug.

Hulle beplan groot dinge vir die komende jaar. Omdat daar nie genoeg oefentyd is nie, gaan hulle nou ook Paul Roos Gimnasium se swembad gebruik. Die swembad behoort in Maart klaar te wees.

Daar is ook dié jaar 'n paar liga-kompetisies en Steenkamp sê hulle sal ook graag weer die Matie-Myl wil instel.

**[Herman] moet nou slegs drie sekondes vinniger swem om Neethling se Senior SA rekord te breek**

Die Matie-swemmers is nie net baie talentvol nie, hulle het ook groot harte. Elke Matie-swemmer moet agt uur gemeenskapsdiens doen. Daar is 'n program wat in plek gestel is om skoolkinders van Kayamandi en Cloetesville by Rhenish te leer swem.

Santa van Jaarsveld, wat vir Ryk Neethling afgerig het, tree af en Marcel Smit is as die nuwe afrigter aangestel. Die ander afrigter, Brett Wood, gaan na Strand om daar 'n afrigter te wees. Die Strandklub is deel van die Maties-klub.

Daar is baie meer skoolkinders as studente wat deel is van die Matie-swemspan, maar Steenkamp is van mening dat dit een van die redes is vir die span se sukses: die skoolkinders het baie meer tyd om te oefen. Steenkamp sê: "'n Sterk span maak jou sterker". Daar is ook 'n baie goeie spangees en trots wat tot die sukses bydra.

Die Matie-swemspan het ook 'n baie sterk afrigterstruktuur. Die afrigters is self oud-topswemmers en het 'n *hands on*-benadering.

Steenkamp sê daar is gereeld top swemmers van wêreldklasgehalte wat saam met Maties oefen. Dit motiveer die ander swemmers om harder te oefen.

Ten spyte van die Matie-swemspan se geweldige groot sukses, kry hulle nie baie ondersteuning van die studente nie. Steenkamp sê omdat daar baie skoolkinders deelneem, on[illegible] steun hul ouers hulle en dit dra [illegible] by tot die gees van die geleenth[illegible] Die interkoshuis-gala wat gewoo[illegible] in Maart gehou word, kry egter [illegible] goeie ondersteuning.

Steenkamp sê dat alhoewel h[illegible] goeie ondersteuning van die univ[illegible]siteit kry, hulle nie goeie finans[illegible] ondersteuning in vergelyking [illegible] ander Universiteite kry nie. Hy [illegible] dat die ondersteuning van die stude[illegible] sal verbeter wanneer Stellenbosch [illegible] fasiliteite het wat nodig is. Om[illegible] hulle nie die fasiliteite het nie, m[illegible] hulle baie weg deelneem en het hu[illegible] gevolglik baie min ondersteuners.

Steenkamp sê dat vol-[illegible] swempakke nou afgestel gaan wo[illegible] omdat byna alle wêreldrekords [illegible] in vol-lyfswempakke opgestel is, [illegible] afgelope tyd verbreek is. Hy sê [illegible] sy tong in sy kies dat wanneer d[illegible] weer teruggekeer word na skam[illegible] swemdrag, dit ook meer stude[illegible] behoort te lok.

Steinhoff
International

VARSITY CUP 2010

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Feb 1 | Maties | vs | NMMU | Xerox NMMU Stadium | 4:30pm |
| Feb 8 | Maties | vs | TUT | Danie Craven Stadium | 7:30pm |
| Feb 15 | Maties | vs | UJ | UJ Stadium | 6:30pm |
| Feb 22 | Maties | vs | Shimlas | Danie Craven Stadium | 7:30pm |
| Mrt 1 | Maties | vs | Tuks | Danie Craven Stadium | 4:30pm |
| Mrt 8 | Maties | vs | UCT | Danie Craven Stadium | 6:30pm |
| Mrt 15 | Maties | vs | Pukke | Fanie du Toit Stadium | 4:30pm |

Semi-finals 22 Maart | Finale 29 Maart

FIRST NATIONAL BANK
MATIES FIRST TEAM

Die eerste uitslae sal na die 1ste Februarie verskyn in die 10 Februarie-uitgawe

First National Bank
How can we help you
www.fnb.co.za